

EBW

Ekonomiese & Bestuurswetenskappe

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Jason Collins, *et al.*

GRAAD



9

KABV

3-in-1



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*



Graad 9 **EBW** 3-in-1 CAPS

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 9 EBW 3-in-1 studiegids maak uitdagende vakinhoud makliker verstaanbaar. Al drie EBW-modules word in praktiese, hanteerbare grootte onderwerpe opgebreek en op 'n gebruikervriendelike manier aangebied.

Die logiese benadering en duidelikheid van die notas lei die leerder deur elke inhoudsarea, met gegradeerde vrae en antwoorde met aantekeninge daarby, om deurlopende selfassessering te bied.

Sleutelkenmerke:

- Logiese, verduidelikende notas
- Leerdervriendelike diagramme
- Nuttige aktiwiteite en antwoorde
- Eksamenvraestel en -memo
- Fotokopieerbare templaattoek

GRAAD

9

KABV

3-in-1

EBW

Ekonomiese & Bestuurswetenskappe

Jason Collins
met waardevolle insette deur Elmaree Eksteen

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Omvattende Notas
- 2 Onderwerpgebaseerde Vrae
- 3 Volledige Oplossings

Plus 'n bonus Eksamenvraestel en -memo

Ingesluit 'n aparte
TEMPLAATBOEK
vir MODULE 1
FINANSIËLE
GELETTERDHEID



INHOUD

Eksamen-assessering i

MODULE 1: FINANSIËLE GELETTERDHEID 1

ONDERWERP 1: Kontantontvangstejoernaal (KOJ) &
Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) – Eenmansaak 6

ONDERWERP 2: Oorboek van Kontantjoernale (KOJ & KBJ)
na die Algemene Grootboek &
Vorbereiding van 'n Proefbalans 15

ONDERWERP 3: Kredietverkope & werk met Debiteure 40

ONDERWERP 4: Oorboek na die Debiteuregrootboek (DG) &
Algemene Grootboek (AG) 50

ONDERWERP 5: Krediet aankope & Die Krediteurejoernaal (KJ) 66

ONDERWERP 6: Oorboek na die Krediteuregrootboek (KG) &
Algemene Grootboek (AG) 75

ONDERWERP 7: Optekening van Kontant- & Krediettransaksies
in Kontant- & Kredietjoernale 88



MODULE 2: DIE EKONOMIE 100

ONDERWERP 1: Ekonomiese Stelsels 101

ONDERWERP 2: Die Ekonomiese Kringloop 109

ONDERWERP 3: Prysteorie 116

ONDERWERP 4: Vakbonde 124

MODULE 3: ENTREPRENEURSKAP 127

ONDERWERP 1: Sektore in die Ekonomie 128

ONDERWERP 2: Funksies van 'n Besigheid 133

ONDERWERP 3: Die Sakeplan 141


MODULE 1 ANTWOORDE A1

MODULE 2 ANTWOORDE A35

MODULE 3 ANTWOORDE A39

Eksamenvraestel EV1

Eksamenmemo EM1



OORSIG: DIE REKENINGKUNDIGE SIKLUS 2

ONDERWERP 1

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL (KOJ) & KONTANTBETALINGSJOERNAAL (KBJ) – EENMANSAAK

Diens- en Handelondernemings 6
 Werk met Winsopslagpersentasies 7
 Optekening van Kontanttransaksies in die Kontantjoernale (KOJ & KBJ) 9
 Effek van Kontanttransaksies op die Rekeningkundige Vergelyking 12

ONDERWERP 2

OORBOEK VAN KONTANTJOERNALE (KOJ & KBJ) NA DIE ALGEMENE GROOTBOEK & VOORBEREIDING VAN 'N PROEFBALANS

Oorboek vanaf die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) na die Algemene Grootboek (AG) 15
 Oorboek van Koste van Verkope-kolom na die Algemene Grootboek 18
 Oorboek vanaf die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) na die Algemene Grootboek (AG) 20
 Oorboek vanaf albei Kontantjoernale (KOJ & KBJ) na die Algemene Grootboek (AG) 24
 Afsluiting van Rekening en werk met Beginsaldo's 28
 Oorboek van 'n bestaande besigheid se Joernale met Beginsaldo's 31
 Voorbereiding van die Proefbalans van 'n Kleinhandelsbesigheid 35

ONDERWERP 3

KREDIETVERKOPE & WERK MET DEBITEURE



Kredietverkope – Die Teorie 40
 Die Nasionale Kredietwet (NKW) 41
 Optekening van Kredietverkope in die Debiteurejoernaal (DJ) 43
 Terugsendings van kredietitems deur Debiteure – Debiteureafslag 44
 Optekening van Ontvangste van Debiteure 47

ONDERWERP 4

OORBOEK NA DIE DEBITEUREGROOTBOEK (DG) & ALGEMENE GROOTBOEK (AG)

Formaat van die Debiteuregrootboek 50
 Oorboek vanaf die Joernale na die Debiteuregrootboek (DG) 51
 Oorboek vanaf die Joernale na die Algemene Grootboek (AG) 55
 Effek van transaksies rakende Debiteure op die Rekeningkundige Vergelyking 63

ONDERWERP 5

KREDIETAANKOPE & DIE KREDITEUREJOERNAAL (KJ)



Krediettransaksies 67
 Optekening in die Krediteurejoernaal (KJ) 67
 Optekening van Terugsendings aan Krediteure in die Krediteureafslagjoernaal (KAJ) 70
 Optekening van Betalings aan Krediteure in die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) 72

ONDERWERP 6

OORBOEK NA DIE KREDITEUREGROOTBOEK (KG) & ALGEMENE GROOTBOEK (AG)

Formaat van die Krediteuregrootboek (KG) 75
 Oorboek vanaf die Joernale na die Krediteuregrootboek (KG) 76
 Oorboek vanaf die Joernale na die Algemene Grootboek (AG) 80
 Effek van transaksies rakende Krediteure op die Rekeningkundige Vergelyking 86

ONDERWERP 7

OPTEKENING VAN KONTANT- & KREDIETTRANSAKSIES IN KONTANT- & KREDIETJOERNALE

Brondokumente 88
 Oorboek van Kontant- en Kredietjoernale na die Algemene Grootboek 90
 Oorboek van Kontant- en Kredietjoernale na Debiteure- en Krediteuregrootboeke 94
 Effek van Kontant- en Krediettransaksies op die Rekeningkundige Vergelyking 95
 Voorbereiding van 'n Proefbalans vanaf die Algemene Grootboek 96

OORSIG: DIE REKENINGKUNDIGE SIKLUS

Rekeningkunde is 'n proses waardeur ons 'n rekord hou van elke transaksie wat die besigheid gedurende 'n tydperk van twaalf opeenvolgende maande maak. Hierdie tydperk word 'n **finansiële jaar** genoem.

Die **REKENINGKUNDIGE SIKLUS** (sien bl. 3) beskryf hierdie proses:

- 1 'n **TRANSAKSIE** of sakeooreenkoms vind plaas.
- 2 Elke transaksie word op **BRONDOKUMENTE**, bv. fakture, kwitansies, ens. opgeteken.
- 3 Die brondokumente word volgens die tipe transaksie geklassifiseer en dan in **JOERNALE** ingeskryf (in datum- en nommer-orde).

Joernale word dikwels die '**boeke van eerste inskrywing**' genoem omdat transaksies eerstens in 'n joernaal ingeskryf word.
- 4 Die joernale se totale word elke maand bereken en die maandelikse totale na die **ALGEMENE GROOTBOEK** rekeninge oorgeboek (oorgedra).
- 5 Die **PROEFBALANS** word voorberei. Dit is 'n lys van al die Algemene Grootboekrekeninge wat die debiet- of kredietsaldo/totaal van elke rekening vir die finansiële jaar aandui. Die totaal van die debietbedrae moet gelyk wees aan die totaal van die kredietbedrae.



LET WEL: Die volgende stadium van die Rekeningkundige Siklus - **6: FINANSIËLE STATE** sal eers in Graad 10 - 12 Rekeningkunde behandel word.

Een keer per jaar sal twee **FINANSIËLE STATE** voltooi word.

- o **Inkomstestaat**, wat die netto wins of verlies (**finansiële prestasie**) vir die jaar aandui.
- o **Balansstaat**, wat die netto welvaart (**finansiële posisie**) van die besigheid op die laaste dag van die finansiële jaar aandui.
- o Die netto welvaart is gelyk aan die Eenaarsbelang, d.w.s. die verskil tussen die totale bates en totale laste van die besigheid.



ONTHOU!

$Eenaarsbelang = \text{Totale Bates} - \text{Totale Laste}$

'N STAPSGEWYSE GIDS TOT DIE REKENINGKUNDIGE SIKLUS

Baie besighede verkies om 1 Maart tot 28/29 Februarie as hul finansiële jaar te gebruik.

'n Lineêre voorstelling van 'n finansiële jaar word hieronder geïllustreer.



Die **Inkomstestaat** en **Balansstaat** word aan die einde van elke finansiële jaar voorberei. Dit **som** die hele jaar se inligting op.



'n Diagram wat die Rekeningkundige Siklus illustreer word op bl. 3 getoon. Die **6 STAPPE** van hierdie **REKENINGKUNDIGE SIKLUS** word op bl. 4 - 5 beskryf.

VIND JOU PAD deur die 7 ONDERWERPE van MODULE 1 – FINANSIËLE GELETERDHEID



2 BRON-DOKUMENTE

Ontleding van transaksies in brondokumente

KONTANT

- Kwitansies
- Deposito strokies
- Kasregisterrolle
- Tjeks

ONDERWERP 2

KREDIET

- Verkoopsfakture
- Aankoop-fakture
- Kredietnotas
- Debietnotas

ONDERWERP 3

3 JOERNALE

Organisering van transaksies in groepe:

KOJ DJ DAJ
KBJ KJ KAJ

Kontant of Krediet?

- KOJ – kwitansies, depositostrokies, kasregisterrolle
- KBJ – tjeks
- DJ – verkoopsfakture uitgereik
- KJ – aankoopfakture ontvang
- DAJ – verkope deur debiteure teruggestuur
- KAJ – aankope aan krediteure teruggestuur

ONDERWERPE 2, 3 & 5

Impak op $B = EB + L$

DIE REKENINGKUNDIGE SIKLUS

4 Oorboek van joernaalinskrywings in T-rekening
Algemene Grootboek, Debiteurgrootboek & Krediteurgrootboek

- Algemene Grootboek het **rekening** vir elke item, bv. Kapitaal, Bank, Verkope, Handelsvoorraad, ens.
- Debiteurgrootboek het **rekening** vir elke kredietkliënt/debiteur
- Krediteurgrootboek het **rekening** vir elke kredietverskaffer/krediteur

ONDERWERPE 2, 4, 6 & 7

5 PROEFBALANS

Opsomming van die Algemene Grootboek

- Totale debiete = Totale krediete
- Voorberei om na te gaan dat die totale debietinskrywings gelyk is aan die kredietinskrywings
- Verseker dat totale/saldo's korrek is voordat die finale rekening en finansiële state voorberei word

ONDERWERPE 2 & 7

Debite = Krediete?

1 TRANSAKSIES

Kontant of Krediet?

KONTANT

- Kontantontvangste
- Tjeksbetalings
- Kontantverkope

ONDERWERPE 1 - 2

KREDIET

- Kredietverkope
- Krediet aankope
- Debiteureafslag
- Krediteureafslag

ONDERWERPE 3 - 6

6 FINANSIËLE STATE

Vorbereiding van IS en BS vanaf die Proefbalans om finansiële prestasie & finansiële posisie aan te dui

Hoe vaar die besigheid?

- Inkomstestaat (IS)
- Balansstaat (BS)
- Voorberei vanaf die Proefbalans om verslag te doen oor:
 - finansiële prestasie – Inkomstestaat
 - finansiële posisie – Balansstaat

EERS in Graad 10 - 12

STAP
1STAP
2

TRANSAKSIE & BRONDOKUMENTE

Die brondokument sal 'n aanduiding wees van die **tipe transaksie** wat opgeteken is.

Hierdie brondokumente word gebruik om die **Joernale** voor te berei.

TIPE TRANSAKSIE	BRONDOKUMENT	JOERNAAL
Kontant ontvang	Kwitansie Kasregisterrol/Kontantstrokie Bankstaat	KOJ
Betalings gemaak	Tjekteenblad Bankstaat	KBJ
Kredietverkope	Faktuur (duplikaat)	DJ
Goedere deur debiteure teruggestuur (Debiteureafslae)	Kredietnota	DAJ
Krediet aankope	Faktuur (oorspronklike)	KJ
Goedere aan krediteure teruggestuur (Krediteureafslae)	Debietnota	KAJ

STAP
3

DIE JOERNALE

- Die joernale staan bekend as **die boeke van eerste inskrywing** aangesien hulle die inligting in die brondokumente gebruik om transaksies vir die eerste keer in die rekeningkundige stelsel op te teken.
- Brondokumente word saamgegroep met die doel om die transaksie-inligting volgens datum en tipe (sien tabel hierbo) te organiseer.
- In Graad 9 werk ons net met die volgende joernale:

KONTANTjoernale

- Kontantontvangstejoernaal (KOJ)
- Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)

KREDIETjoernale

- Debiteurejoernaal (DJ)
- Debiteureafslagjoernaal (DAJ)
- Krediteurejoernaal (KJ)
- Krediteureafslagjoernaal (KAJ)

STAP
4

DIE ALGEMENE GROOTBOEK

- Die Algemene Grootboek is 'n opsomming van die inligting in die joernale vervat.
- Kolomtotaal** en **diverse kolom-inskrywings** uit die joernale word na die Algemene Grootboekrekening, saam bekend as die Algemene Grootboek, oorgeboek of oorgedra.
- Hierdie handeling voeg inligting saam wat apart gehou word in die verskillende joernale, bv. die toename en afname in die Bankrekening.
- Elke rekening verteenwoordig 'n spesifieke item, byvoorbeeld:
 - 'Bank' sal slegs inligting bevat in verband met geld ontvang/betaal
 - 'Lone' sal slegs bedrae vir lone betaal gedurende 'n finansiële jaar aandui, ens.
- Elke grootboekrekening of **T-rekening** het 'n **debietkant** (links) en **kredietkant** (regs). Hierdie linker- en regterkante vergemaklik die **dubbelinskrywingsbeginsel**.

Grootboekrekeninge staan bekend as **T-rekening** vanweë hul vorm, met debiet en krediet aan weerskante.



GROOTBOEKREKENING

DEBIET- KANT	KREDIET- KANT
-----------------	------------------

- Dubbelinskrywingsbeginsel:** Vir elke debietinskrywing ('n **'debiet'**) in een rekening moet daar 'n kredietinskrywing ('n **'krediet'**) in 'n ander rekening wees.
- Dit verseker dat die som van debiete gelyk sal wees aan die som van krediete. Dit help om foute en/of oneerlike inskrywings te identifiseer.
- Algemene Grootboekrekeninge word gebruik om **Finansiële State** voor te berei en word dus in twee afdelings ingedeel:

BALANSSTAATAFDELING

- eienaarsbelang (kapitaal en onttrekkings)
- bates (bv. toerusting)
- laste (bv. krediteurekontrole)

NOMINALE AFDELING

- inkomste (bv. verkope)
- uitgawes (bv. lone)

- Die Nominale Afdeling vorm deel van die **Inkomstestaat** en die Balansstaatafdeling word in die **Balansstaat** weerspieël.

Buiten die Algemene Grootboek, gebruik ons ook die **Hulpgrootboeke**.

- Die Hulpgrootboeke is die **Debiteurgrootboek** en die **Krediteurgrootboek**.
- Elke debiteur en krediteur sal hul eie rekening in hierdie grootboeke hê.
- Elke individuele transaksie met die debiteur/krediteur word in datumvolgorde vanaf die joernale oorgeboek.
- Elke Debiteure-/Krediteurgrootboekrekening het 'n 3-kolomformaat (anders as die T-rekening in die Algemene Grootboek) om die **lopende saldo** aan te dui.
- Die laaste bedrag in die **saldo-kolom** sal toon hoeveel deur die debiteur of aan die krediteur verskuldig is.

STAP
5

DIE PROEFBALANS

Die voorbereiding van die Proefbalans volg op die voltooiing van die Algemene Grootboek.

- Die Proefbalans word ook in dieselfde twee afdelings ingedeel: die **Balansstaatafdeling** en die **Nominale Afdeling**. 
- Dit is 'n **opsomming** van die saldo's/totale in die Algemene Grootboekrekeninge.
- Elke rekening word as 'n **eenlyninskrywing** voorgestel, met óf 'n **debit**- of 'n **kreditsaldo** of **-totaal**.
- Al die bedrae in die **Nominale Afdeling** is die **totale** vir die volle finansiële jaar, terwyl die bedrae in die **Balansstaatafdeling** (behalwe die Onttrekkingsrekening) die **saldo's** oor die volle bestaan van die besigheid is.
- Die som van die **debit**bedrae moet **gelyk** wees aan die som van die **kredit**bedrae om te verseker dat die finansiële state akkuraat is.
- Die Proefbalans is slegs 'n **lys grootboekrekeninge** en weerspieël nie enige finansiële resultaat nie. Dit kan nie as 'n amptelike dokument aangebied word nie omdat dit geen aanduiding gee van die finansiële prestasie of posisie van die besigheid nie. Die **finansiële state** (sien stap 6 langsaan) word dus voorberei deur die bedrae vanaf die Proefbalans te gebruik.

STAP
6

DIE FINANSIËLE STATE



Die Finansiële State dui die besigheid se **finansiële prestasie** aan en stel die besigheid se **finansiële posisie** voor.

Die Finansiële State sluit in:

- Die **INKOMSTESTAAT**
 - Die Inkomstestaat word voorberei deur die **Nominale Afdeling** van die Proefbalans te gebruik.
 - In die Inkomstestaat word alle inkomsterekeninge bymekaargetel om **totale inkomste** te bereken.
 - Net so word alle uitgawerekeninge bymekaargetel om **totale uitgawes** te bereken.
 - Die totale uitgawesbedrag word van die totale inkomstebedrag afgetrek ten einde die **netto wins/verlies** vir die jaar te bereken.
 - Die volgende is 'n opsomming van die Inkomstestaat:

TOTALE INKOMSTE – TOTALE UITGAWES = NETTO WINS/VERLIES

- Die **BALANSSTAAT**
 - Hierdie staat gebruik die **Balansstaatafdeling** van die Proefbalans om die finansiële posisie van die besigheid op 'n spesifieke datum aan te dui, gewoonlik die laaste dag van die finansiële jaar.
 - Die Balansstaat word in twee afdelings ingedeel:
 - **Bates** – wat die besigheid besit
 - **Eienaarsbelang** en **Laste** – waar die besigheid die geld gekry het om die bates aan te koop
 - Dit word 'n Balansstaat genoem omdat die **totale** van hierdie twee afdelings moet kloep of gelyk wees.
 - Die Balansstaat is dus 'n weerspieëling van die Rekeningkundige Vergelyking:

BATES = EIENAARSBELANG + LASTE

MODULE 2

DIE EKONOMIE

ONDERWERP 1

EKONOMIESE STELSELS



'n Vergelyking van Ekonomiese Stelsels	101
'n Beplande Ekonomie	102
'n Markeconomie	103
'n Gemengde Ekonomie	104
Die Globale Ekonomie	105

ONDERWERP 2

DIE EKONOMIESE KRINGLOOP

Deelnemers aan die Ekonomiese Kringloop van 'n Geslote Ekonomie ...	109
Markte	110
Vloeie	111
Sektormodelle	111
Ekonomiese Kringloop in 'n Oop Ekonomie	113

ONDERWERP 3

PRYSTEORIE

Vraag	116
Aanbod	119
Markewewig	121

ONDERWERP 4

VAKBONDE

Konsep van 'n Vakbond	124
Geskiedenis van Vakbonde in Suid-Afrika	124
Rol en Verantwoordelikhede van Vakbonde	124
Effek van Vakbonde op Besighede	125
Bydraes van Vakbonde tot Volhoubare Groei en Ontwikkeling.....	125

ONDERWERP 1


EKONOMIESE STELSLS

'n Ekonomiese stelsel verwys na die manier waarop 'n land sy **ekonomie** bestuur.

Dit is 'n stelsel wat bepaal hoe hulpbronne – die **produksiefaktore** – in produksie toegeken en gebruik word om in die behoeftes en begeertes van 'n land te voorsien.

Vier produksiefaktore moet teenwoordig wees om goedere en dienste te produseer/lower.

'n **Ekonomie** is die stand van 'n gemeenskap ten opsigte van verwante aktiwiteite van produksie/verbruik van goedere en dienste, asook die verskaffing van geld en beperkte hulpbronne.



Ons sal na die drie vernaamste ekonomiese stelsels kyk:

	Ekonomiese stelsel		Hooffokus?
1	Beplande Ekonomie (Bevel)	=	regering
2	Markeconomie (Vryemark)	=	vraag en aanbod
3	Gemengde Ekonomie	=	regering EN vraag en aanbod

Om te bepaal watter ekonomiese stelsel 'n land het, moet ons vier vrae vra:

1. **Wat** word geproduseer?
2. **Hoeveel** word geproduseer?
3. **Hoe** word dit geproduseer?
4. **Vir wie** word dit geproduseer?



'N VERGELYKING VAN EKONOMIESE STELSLS:

BEPLANDE (BEVEL) EKONOMIE	GEMENGDE EKONOMIE	MARK-(VRYEMARK-) EKONOMIE
Noord-Korea Kuba China	Suid-Afrika Frankryk Ysland	Singapoer Australië Nieu-Seeland


In werklikheid is daar geen suiwer beplande of vryemarkonomieë nie.

Alle ekonomieë bestaan êrens tussen die twee uiterstes van **algehele regeringsbeheer** en **geen regeringsbeheer** nie.

- Ekonomieë wat meestal deur die regering beheer word, staan bekend as **Beplande Ekonomieë**.
- Ekonomieë wat meestal deur vraag en aanbod beheer word, staan bekend as **Markeconomieë**.
- Ekonomieë wat ewe veel aspekte van albei deel, staan bekend as **Gemengde Ekonomieë**.

Vra hierdie vrae om die ekonomiese stelsel te bepaal

1. **Wat** word geproduseer?
2. **Hoeveel** word geproduseer?
3. **Hoe** word dit geproduseer?
4. **Vir wie** word dit geproduseer?



Markeconomie

Vraag en aanbod beheer die ekonomie.




EKONOMIESE STELSELS



Beplande ekonomie

Regering beheer die ekonomie.



Gemengde ekonomie

Die kragte van vraag en aanbod in samewerking met die regering beheer die ekonomie.

'N BEPLANDE EKONOMIE

In 'n beplande ekonomie is die **regering (staat)** verantwoordelik vir die neem van alle ekonomiese besluite.

Die regering besluit:


- wat** geproduseer sal word
- hoeveel** geproduseer sal word
- hoe** dit geproduseer sal word
- vir wie** dit geproduseer sal word




Die regering/staat bereik dit deur die **produksiefaktore** te beheer.

- GROND:** Alle hulpbronne behoort aan die regering.
- ARBEID:** Die regering is die enigste werkgever.
- KAPITAAL:** Kapitaal word deur die regering beheer.
- ENTREPRENEURSKAP:** Die regering tree as die entrepreneur op.

'N BEPLANDE EKONOMIE

VOORDELE 	NADELE 
<ul style="list-style-type: none"> <input type="radio"/> Die regering streef na ekonomiese gelykheid deur hulpbronne aan gebiede waar dit werklik benodig word, toe te wys. <input type="radio"/> Die regering se fokus op maatskaplike behoeftes lei daartoe dat basiese behoeftes van landsburgers bevredig word. <input type="radio"/> Gesondheidsorg, onderwys en gelykheid word as belangriker as produksie en wins gesien. <input type="radio"/> Dit is 'n stabiele ekonomiese stelsel met min of geen ekonomiese onrus. 	<ul style="list-style-type: none"> <input type="radio"/> Dit is vir die regering onmoontlik om die besluitnemingsvermoëns van die privaat sektor te vervang. Dit lei tot 'n minder mededingende ekonomie. <input type="radio"/> Die afwesigheid van 'n winsmotief lei tot 'n baie minder mededingende en dus minder produktiewe ekonomie. <input type="radio"/> Geen mededinging het minder produktontwikkeling en -verbetering tot gevolg. Produksie is minder effektief. Dit gebeur ten koste van die verbruiker. <input type="radio"/> Die regering is stadig om by verandering aan te pas.



'N MARKEKONOMIE

In 'n marke ekonomie word die markkragte van **vraag** en **aanbod** toegelaat om die volgende te bepaal:





- **wat** geproduseer sal word
- **hoeveel** geproduseer sal word
- **hoe** dit geproduseer sal word
- **vir wie** dit geproduseer sal word

Privaat individue en maatskappye besit en beheer die **produksiefaktore**. Hulpbronne en produkte word op grond van vraag en aanbod verhandel.


- **GROND:** Privaat eienaarskap van natuurlike hulpbronne.
- **ARBEID:** Mense vry om te werk waar hulle wil.
- **KAPITAAL:** Individue beheer kapitaalvloeï.
- **ENTREPRENEURSKAP:** Individue vry om hul eie besigheid te begin.

'N MARKEKONOMIE

VOORDELE 	NADELE 
<ul style="list-style-type: none"> ○ Entrepreneurs is vry om hul eie ondernemings te begin en sodoende welvaart en 'n beter lewenstandaard te skep. ○ Kapitaal word gebruik om hierdie privaat ondernemings te begin. ○ Kapitaal word produktief gebruik in privaat besighede, want hulle is winsgedrewe. Hierdie 'dryfkrag' is die winsmotief. ○ Privaat ondernemings ding met mekaar mee en word dus gedwing om so produktief as moontlik te wees. Dit lei tot 'n meer effektiewe gebruik van hulpbronne. 	<ul style="list-style-type: none"> ○ Die vryemarkstelsel bevorder ekonomiese ongelykheid. Dié wat toegang tot kapitaal het, het 'n besliste voordeel en word ryk, terwyl ander arm bly. ○ Markte fokus meer op wins en minder op die welstand van die ekonomies kwesbare (m.a.w. werklose en afgetrede mense). ○ Die kragte van vraag en aanbod kan tot die uitbuiting van arbeid lei omdat werkers moontlik nie billike lone ontvang nie. ○ Nie-winsgewende goedere en dienste, soos gesondheidsorg en onderwys word nie verskaf nie.

'N MARKEKONOMIE (vervolg)

VOORDELE 	NADELE 
<ul style="list-style-type: none"> Die kragte van vraag en aanbod is vry om die ekonomie te beheer. Die gevolg is 'n wye verskeidenheid produkte wat verskaf word om die behoeftes van die verbruiker te bevredig. 	<ul style="list-style-type: none"> Skadelike goedere en dienste mag moontlik aan verbruikers beskikbaar wees omdat die regering min beheer het oor wat geproduseer word.



'N GEMENGDE EKONOMIE



Die meeste lande het gemengde ekonomiese stelsels omdat die kenmerke van beplande en markesekonomieë gekombineer/'gemeng' word. In 'n gemengde ekonomie word ekonomiese besluite deur sowel die **regering** as **privaat individue** geneem.

Die kenmerke van 'n gemengde ekonomie is soos volg:



- Die regering verskaf die raamwerk waarbinne die ekonomie bestaan, bv. wette en infrastrukture.
- Eienaarskap van natuurlike hulpbronne word deur individue en die regering gedeel.
- Vraag en aanbod bepaal watter produkte en dienste verkoop word en die prys waarteen dit verkoop sal word. Die regering gryp egter in wanneer nodig en skryf bv. wetlik minimum lone voor.
- Die regering verskaf dienste soos onderwys, gesondheidsorg, verdediging en polisieëring.

'N GEMENGDE EKONOMIE

VOORDELE 	NADELE 
<ul style="list-style-type: none"> Besighede is vry om behoeftes en begeertes in die ekonomie op 'n meer doeltreffende en winsgewende manier te bevredig as die regering. 'n Doeltreffende belastingstelsel stel regerings in staat om behoeftes en begeertes te bevredig wat nie winsgewend genoeg is vir besighede om te bevredig nie. Besighede kan na winsmaksimering streef, terwyl die regering op ekonomiese gelykheid kan fokus. Privaat besighede kan bydraes maak tot burgers se welsyn. 	<ul style="list-style-type: none"> Te veel regeringsinmenging kan ekonomiese groei strem en besighede dwing om die mark weens swak winsgewendheid te verlaat. Te min regeringsinmenging kan tot 'n gebrek aan ekonomiese gelykheid lei. Dit kan vir regerings moeilik wees om hul vlak van ekonomiese aktiwiteit te balanseer om die mees doeltreffende funksionering te verseker. Die regering kan te betrokke raak in die ekonomie deur regulasies/wette wat hulle burokratiese maak en blootstel vir korrupsie.

HOOFFOKUS

Die regering laat vraag en aanbod toe om die ekonomie te beheer, maar reguleer die ekonomie deur basiese goedere en dienste te verskaf.



GEMENGDE EKONOMIE



**Nadele/
Probleme**

- Regering kan nie die regte vlak van betrokkenheid in die ekonomie bereik nie.
- Te veel regeringsbetrokkenheid kan tot **swak ekonomiese groei** lei.
- Te min regeringsbetrokkenheid kan tot **ekonomiese ongelijkheid** lei.



Voordele


- Ondernemingsvryheid en winsmotief.
- Regering verskaf goedere en dienste.
- Regering fokus op ekonomiese gelykheid.
- Besighede kan op wins fokus.



DIE GLOBALE EKONOMIE

○ Plaaslike ekonomieë bestaan uit drie deelnemers:

1. **HUISHOUDINGS**
2. **BESIGHEDE** en
3. **DIE REGERING / STAAT**



HUISHOUDINGS



BESIGHEDE



DIE REGERING

○ As ons 'n vierde deelnemer – 'die res van die wêreld', **die buitelandse sektor**, byvoeg, is internasionale handel moontlik.

Dit is die aard van globale ekonomieë vandag. Alle lande neem in 'n mate deel aan internasionale handel. Die toename in hierdie handel en ekonomiese integrasie word

globalisering genoem - wanneer die ekonomieë van verskillende lande met mekaar skakel en mekaar beïnvloed.



Globalisering:
Die toenemende integrasie van besighede en regerings dwarsoor die wêreld.



ONDERWERP 1

SEKTORE IN DIE EKONOMIE



Drie Ekonomiese Sektore 128

Soorte besighede in elke Sektor 128

Onderlinge verhouding tussen die Drie Ekonomiese Sektore 129

Volhoubare gebruik van Hulpbronne in die Drie Ekonomiese Sektore 129

Rol van die Drie Sektore in die Ekonomie 130

Soorte Vaardighede vereis in die Drie Ekonomiese Sektore 130

ONDERWERP 2

FUNKSIES VAN 'N BESIGHEID

Besigheidsfunksie-areas 133

Hoofbestuursfunksie 133

Finansiële Funksie 135

Aankoopfunksie 136

Produksiefunksie 136

Bemarkingsfunksie 137

Menslike hulpbronne-funksie 138

Administratiewe funksie 139

Openbare betrekkinge-funksie 140

ONDERWERP 3

DIE SAKEPLAN

Komponente van 'n sakeplan 141

Beskrywing van die besigheid 141

SWOT-analise 142

Bemarkingsplan 143

Finansiële plan 143

Bestuursplan 144

Bykomende dokumente 144



ONDERWERP 1

SEKTORE IN DIE EKONOMIE

INLEIDING

Die ekonomiese term, BBP, staan vir Bruto Binnelandse Produk. Dit verwys na die waarde van klaarprodukte en dienste wat binne 'n spesifieke tydperk, gewoonlik een jaar, in 'n land geproduseer word.

Die Suid-Afrikaanse
BBP
350,09 miljard VSA\$ (2015)

vs.

Die BBP van die VSA
18,558 triljoen VSA\$
(2015)

BBP sluit slegs klaarprodukte of verbruikersgoedere in. Dit is goedere wat in die **TERSIËRE** sektor van die ekonomie gekoop is. Huishoudings is verbruikers omdat hulle verbruikersgoedere en dienste koop.

1 biljoen = 1 miljard = 10^9
1 triljoen = 10^{12}

In hierdie onderwerp behandel ons die sektore in die ekonomie.

DRIE EKONOMIESE SEKTORE

Ons identifiseer die verskillende ekonomiese sektore volgens die soort ekonomiese aktiwiteit wat in elkeen plaasvind.

- Die PRIMÊRE Sektor**
Alle nywerhede en besighede wat grondstowwe uit die natuurlike omgewing ontgin.
- Die SEKONDÊRE Sektor**
Alle nywerhede en besighede wat grondstowwe verwerk en goedere vervaardig.
- Die TERSIËRE Sektor**
Alle nywerhede en besighede wat dienste verskaf of goedere verkoop.



Nywerheid:

'n Groep besighede wat dieselfde ekonomiese aktiwiteit uitvoer, bv. goud-nywerheid of finansiële dienste.

SOORTE BESIGHEDE IN ELKE SEKTORE

1

Die PRIMÊRE Sektor



Visserye



Landbou



Bosbou



Mynbou

2

Die SEKONDÊRE Sektor



Konstruksiewerk



Olieraffinaderye



Vervaardiging



Voedselverwerking

3

Die TERSIËRE Sektor



Kleinhandel



Restaurante



Finansiële dienste



Toerisme